

1

DIE SKEPPING

My God is groot en magtig

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat God almagtig is, alles geskep het en alles onderhou.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet dat God –

- soos niemand anders nie, alles uit niks geskep het.
- alles goed geskep het.
- alles geskep het om Hom te dien en om die skepping te onderhou.
- elkeen van hulle geskep het.
- hulle versorg.

Gesindheid

Die kinders moet –

- dankbaar en bly wees dat God alles geskep het en alles onderhou.
- bereid wees om die skepping op te pas.
- erken dat hulle nie sonder God kan lewe nie.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om –

- vir iemand te vertel dat God alles geskape het en alles onderhou.
- self prakties die skepping op te pas.

MEER INLIGTING (Genesis 1; Kolossense 1: 17)

In die begin het God die hemel en die aarde geskep. Voor alles was Hy alreeds daar. Hy is ewig. In sy bestaan is daar nie gister of môre soos ons dit ken nie. Dit was eers toe Hy die groot heelal geskep het, dat die tyd begin het. Die verste wat 'n mens in die verlede kan terugdink, is die begin van die skepping.

Hoe het God dit gedoen? Hy het geskep! Skep is 'n besondere manier van werk, soos net God dit kan doen. Ons mense kan ook skeppend wees. Ons kan uit die dinge wat God reeds gemaak het, iets maak. Ons kan ongelukkig nie iets maak as ons niks het om dit van te maak nie. Net God kan dit doen. Toe alles woens en leeg en deurmekaar was, het God uit die chaos die wonderlike skepping gemaak soos ons dit ken. Alles het deur Hom tot stand gekom. As ons na die natuur kyk, sien ons dat God almagtig is. Hy het nie hulp nodig om te skep nie. Hy het nie iets nodig om iets anders te maak nie. Hy skep wat Hy wil soos Hy dit wil hê. Hy is so magtig dat Hy net gepraat het en dit het gebeur. En boonop: Alles wat Hy geskep het, was baie goed.

Nadat God alles geskep het, het Hy dit nie net so gelaat nie. Hy hou tot vandag nog aan om sy skepping in stand te hou. Hy sorg vir alles. Nadat God alles gemaak het wat ons ooit nodig sal kry, het Hy mense geskep. Ons het alles uit God se hand ontvang. Hy het ons geskep om Hom te dien en om namens Hom die skepping te versorg. God het elkeen van ons ook op 'n bepaalde tyd op die aarde geplaas. Hy versorg ons elke dag met alles wat ons nodig het.

Ons moet elke dag vir God dankie sê vir die skepping en onderhouding van alles. Ons moet elke dag besef, sonder God se sorg kan die skepping en ook ons nie voortbestaan nie. Ek moet daarom elke dag erken dat dit God is wat my versorg.

AANBIEDING

Belangrik:

- Die Bybel moet vir die res van die jaar met elke klasgeleentheid in die klas wees.
- Die kinders moet altyd 'n potlood of pen saambring.
- Hulle moet altyd 'n notaboekie saambring.
- Ons gaan nie by elke les sê die Bybel en skryfgoed is nodig nie.

Jy het nodig

- Vars groenboontjies.
- Boontjiesade.
- 'n Blanko A3-karton.
- Prente van enigiets wat God geskep het.
- Prestik.
- 'n Halwe A4-papier vir elke kind.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed. Sê vir die Here dankie vir alles wat Hy vir ons geskep het.

HET HULLE ONTHOU?

- Hierdie is die eerste byeenkoms van die jaar. Maak 'n kringetjie en vat hande – die kategeet ook. Stel jousef bekend en sê waar jy die vakansie was. Die kategeet begin: *My naam is en ek was die vakansie by die see...* Elke kind kry 'n kans. Gee positiewe terugvoer. *Julle was op wonderlike plekke! Was dit vir julle lekker om in die natuur en buitelug te wees? Gee geleentheid vir 'n paar vertellings. Wat het julle Kersfees gedoen? Gee hulle geleentheid om te vertel.*
- Voltooi die registers met elke kind se besonderhede.
- Indien moontlik, gee vir elke kind 'n jaarprogram.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Ons God is groot, sterk en almagtig. Hy het alles geskep – alleen. Niemand het Hom gehelp nie. Net God kan iets uit niks maak.

IETS INTERESSANT

Vra vrae, gee antwoorde en doen die volgende:

- Hoe het die wêreld in die begin gelyk? Wys die leë karton. Daar was niks en dit was ook nog donker – soos 'n swart karton sou lyk.
- Plak prente van enigiets wat God geskep het met Prestik op die blanko karton vas soos jy vorder met die les.
- Lees die volgende verse uit Genesis 1. Laat die kinders, terwyl jy lees, neerskryf wat God alles geskep het.

God se skeppingswerk

¹ *In die begin het God die hemel en die aarde geskep...*

³ *Toe het God gesê: “Laat daar lig wees!” En daar was lig.*

⁴ *God het gesien die lig is goed, en Hy het die lig en die donker van mekaar geskei.* ⁵ *God het die lig toe “dag” genoem, en die donker het Hy “nag” genoem.*

⁹ *Toe het God gesê: “Laat die waters onder die hemel op een plek bymekaarkom sodat die droë grond sigbaar word.” So het dit gebeur.* ¹⁰ *God het die droë grond “aarde” genoem, en die waters wat bymekaar gekom het, het Hy “see” genoem.*

¹¹ *Toe het God gesê: “Laat daar uit die aarde groenigheid voortkom, groen plante wat saad gee en vrugtebome op die aarde, wat elkeen na sy aard vrugte dra en waarvan die saad in sy vrug sit.” So het dit gebeur.*

¹⁴ *Toe het God gesê: “Laat daar ligte wees aan die hemelgewelf om dag en nag van mekaar te skei...”* ¹⁶ *God het die twee groot ligte gemaak, die grootste om bedags te heers en die kleiner lig om snags te heers, en ook die sterre.*

²⁰ *Toe het God gesê: “Laat die waters krioel van lewende wesens, en laat daar voëls onder die hemelgewelf oor die aarde vlieg.”* ²¹ *God het die groot seediërs geskep en al die ander lewende wesens waarvan die waters krioel, almal na hulle aard; ook al die voëls na hulle aard. En God het gesien dit is goed.*

²⁴ *Toe het God gesê: “Laat die aarde lewende wesens voortbring, elkeen na sy aard: mak diere, diere wat kruip, wilde diere, elkeen na sy aard.” So het dit gebeur.*

²⁶ *Toe het God gesê: “Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip.”*

³¹ *Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed.*

- Laat 'n paar van die kinders lees wat hulle geskryf het:
 - Dag en nag.
 - Hemel en aarde.
 - Plante.
 - Voëls, seediere.
 - Mak diere, kruipende diere, wilde diere en die mens.
- Laat hulle hul oë toemaak en gaan soos volg voort:

Wat sien julle? Niks. Alles is donker. Hou die boontjiesaad in jou regterhand en niks in jou linkerhand nie. Laat hulle hul oë oopmaak. Kyk wat is in my linkerhand. Sien jy iets? Nee. My hand is leeg. Kyk wat is in my regterhand. Wys die boontjiesaad. Wie het dit gemaak? God. Kan jy 'n boontjiesaad maak? Net God kan. Wys die groenboontjie en vra: Kan jy 'n boontjiesaad in 'n groenboontjie verander? Nee, net God kan, want God is almagtig en God werk of skep op 'n besondere manier. Kan mense ook mooi goed maak soos byvoorbeeld meubels of 'n skildery? Ja. Wat is dan die verskil tussen God se manier van skep en die mens se manier van skep?

God skep uit niks. God sê net: *Laat daar lig wees...* en daar was lig. Mense moet hout of verf of materiaal hê om goed mee te maak. Daarom sê ons *deur God het alles tot stand gekom*. Die skepping laat ons God se almag sien en beleef. God sê net een woord en dit gebeur.

Wie sorg vir die voëls van die lug, die visse in die see, die wilde diere en die plante? God sorg, want Hy is goed en groot en almagtig. Lees Genesis 1: 30.

Wat het God laaste geskep? Die mens. Lees Genesis 1: 28 en laat hulle neerskryf hoekom God mense geskep het. Laat 'n paar van die kinders lees wat hulle geskryf het:

- Om op die aarde te woon.
- Om die aarde te bewerk.
- Om oor die skepping te heers.

Wie sorg vir al die mense op aarde? God, want Hy is groot en goed en almagtig. Kan jy sonder God se versorging leef? Nee, sonder God se sorg kan niks voortbestaan nie. Hy gee alles wat ons nodig het op sy tyd en op sy manier vir ons.

- Lees Genesis 1: 29: *...dit sal julle kos wees...* Gee aan elkeen 'n boontjiesaad. Vra hulle hoe dit lyk en voel. Kan jy 'n boontjiesaad maak? Nee, net God kan, want Hy is groot en sterk en almagtig. Watter soort groente sal ons van die sade kry? Boontjies. Gee aan elkeen 'n groenboontjie wat hulle in die klas kan eet as hulle wil.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende weer by hulle in:

- God het die hemel en die aarde uit niks geskep.
- God het alles baie goed geskep.
- Mense kan ook skep, maar net uit iets wat God reeds geskep het.
- God hou tot vandag toe steeds sy skepping in stand.
- God het alles geskep wat ons ooit nodig sal kry.
- Ons moet elke dag vir God dankie sê vir alles wat Hy geskep het.

- Ons moet die skepping bewerk, versorg en oppas.

IETS OM TE DOEN

Laat hulle die regte antwoord uit die blok kies en die sinne in hul boeke voltooi.

God	woord	niks
groot	niemand	almagtig
versorg	onderhou	sterk

- My God is so **groot**, so **sterk** en **almagtig**.
- God het alles uit **niks** geskep.
- God kan met een **woord** skep – iets wat **niemand** anders kan doen nie.
- **God** het my geskep en Hy **versorg** my.
- Ek sal Hom dien en Hom help om die skepping te **onderhou**.

BY DIE HUIS

Doen

Gee vir elkeen 'n paar boontjiesade om huis toe te neem en laat hulle die volgende tuis gaan doen:

- Hulle moet die sade tussen klam watte in 'n vlak houertjie buite op 'n sonnige plek laat staan.
- Hulle moet elke dag kyk wat gebeur en in hul werkboeke die tabel voltooi:

Dag 1	Dag 3	Dag 7-10
Teken die boontjiesaad	Teken wat jy sien van die boontjiesaad	Teken wat jy sien van die boontjiesaad
Skryf hieronder wat gebeur daarmee: Die boontjiesaad groei nog nie	Ek sien vandag	Nou het

- Laat hulle die plantjie buite in die tuin gaan plant.
- Hulle moet seker maak dat hulle nie die wortels beskadig nie.
- Hulle kan dit die eerste twee dae met takkies beskerm teen direkte sonlig.
- Hulle moet die plantjie gereeld natgooi.
- As hul plantjie groot word en peule dra, kan hulle dit eet.
- Verduidelik dat alles tot hier deel van ons opdrag is om die skepping te bewerk en te versorg. God alleen het die mag om sade in vrugte en groente te verander.

Leer

Laat hulle die volgende tuis gaan leer:

- God het die hemel en die aarde uit niks geskep.

- God het alles baie goed geskep.
- Mense kan ook skeep, maar net uit iets wat God reeds geskep het.
- God hou tot vandag toe steeds sy skepping in stand.
- God het alles geskep wat ons ooit nodig sal kry.
- Ons moet elke dag vir God dankie sê vir alles wat Hy geskep het.
- Ons moet die skepping bewerk, versorg en oppas.
- *Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed.* (Genesis 1: 31)

AFSLUITING

Lees of laat die kinders Gesang 549: 1 sing, en sluit dan af met gebed.

*Daar's vissies in die water, kyk hoe swem hul rond;
 daar's voëltjies in die lug en daar's diere op die grond;
 daar's blomme in die velde, daar's riete in die vlei.
 Wie sou dit als gemaak het? Die Here, ja, dis Hy!*

Belangrik:

Besluit betyds wie volgende week se faseles gaan aanbied.